

Sing vooraf staande: Skrifberyming 11-1:1 (

- 1 Troos, troos my volk, sê God die HERE; / dreig nou nie meer met oordeelstem,
genees die wond, o sienerherder, / die hartseer van Jerusalem.

Skrifberyming 12-2:4 (27:4)

- 4 Ek geloof, met stille[^]aanbidding, / in die Heil'ge Gees wat my / in my sondedood gewek het,
my as Trooster leer en lei. / Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een,
wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 146:3 (p. 700)

- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE[^]alleen bly wag.

Gebed

Psalm 89:6 (p. 445)

- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Skriflesing: 1 Korintiërs 3

Teks: 1 Korintiërs 3:23; Kategismus Sondag 1

Maar julle behoort aan Christus en Christus aan God.

(1 Korintiërs 3:23 AFR53)

Maak dit aan jou saak dat die Bybel so iets oor jou skryf? Ons behoort aan Christus. Maak
dit iets in jou wakker, of gaan dit koud en soos enige ander feit wat ons hoor by ons verby?

Kom ons gee aandag aan twee vrae:

1. Ken ons Christus?

2. Is ons sorgelose mense?

1. Ken ons Christus?

“Maar julle behoort aan Christus en Christus aan God.” Hierdie sin in die Bybel druk ons
teen die muur vas.

- Ons moet hierop 'n persoonlike antwoord kan gee voordat ons verder kan lewe.
 - Is dit so dat ons aan Christus behoort?
 - Hoekom wys ons lewe baie keer niks daarvan nie?
- U weet dis baie maklik vir enigeen van ons om op te staan en te sê dat ons weet dat
ons aan Christus behoort, want ons ouers het dit van kleins af vir ons gesê.

Maar ons moet onthou dat hierdie gedeelte volg op vers 18, waar daar 'n baie ernstige
waarskuwing neergeskryf staan:

Laat niemand homself mislei nie! (1 Korintiërs 3:18 AFR53)

Elkeen van ons wat in hierdie kerk sit, kan homself maklik mislei met allerhande soorte slimpraatjies.

- Die ongelowiges dink dat hulle sonder Jesus Christus kan regkom.
- Onder die gelowiges in die kerk self is daar talle mense wat nie gelowiges is nie – hulle maak maar net of hulle glo.
 - Diep in hulle ontbreek die troos van ware geloofsekerheid en van gemeenskap met God die Here.

Dit is in ons gemeente ook so. Diegene onder ons wat soms klagtes het oor uitwendige dinge wat hulle so kwaad maak, moet daarvoor dink of dit nie dalk maar net hulle innerlike swak verhouding met die Here is wat op hierdie manier na die oppervlak toe kom nie.

- Is die mense wat kwaad word wanneer 'n ouderling hulle vermaan, nie dalk net kwaad omdat hulle werklike lewensverhouding los staan van Christus nie?
- Nou voel hulle bedreig as hulle aangepraat word om in 'n lewende gemeenskapsverhouding met die lewende God te kom?

Net die mens wat die Drie-Enige God werklik ken, en wat in Hom lewe, is diep in sy siel werklik gelukkig.

- So 'n mens het hierdie diep tevredenheid dat hy verstaan watter waarborg God aan hom gee dat hy na sy dood by God verder sal lewe omdat hy aan Christus behoort.
- Daarom leef so 'n mens nou al volkome met Christus saam.

Om aan Christus te behoort is nie sommer net so 'n eenvoudige saking nie. Dis 'n magtige saak, veral as ons kyk na die gevolge daarvan dat ons aan Christus behoort, soos wat Paulus dit opnoem:

- Dit gee aan ons mag oor die wêreld, oor lewe en oor die dood.
- Dit gee aan ons mag selfs oor die huidige tyd en oor toekomstige dinge.
- Dit gee natuurlik nie aan my as individu hierdie mag nie, want die Here bedoel dit hier op sy Kerk.
- Die Kerk van die Here beheers alle dinge in Jesus Christus.

Die beeld word makliker om te verstaan as ons kyk na die boek Openbaring wat leer dat die Kerk die Bruid van Jesus Christus is. Natuurlik laat die Bruidegom sy Bruid deel in al sy heerlikheid wat Hy verwerf het met sy kruisdood.

Daarom moet elke gelowige homself toets en ondersoek in hierdie saak.

- Is ons belydenis eerlik dat ons aan Jesus behoort,
- of is dit net lippetaal?

Daar is 'n groot verskil tussen lippetaal en harttaal.

- Die verskil is dit: Ons kan vir almal vertel ons glo aan 'n heilige algemene Christelike kerk.
- Ons almal in hierdie kerk bely dit.
- Maar leef ons in hierdie kerk en het ons gemeenskap met God.

Die Here roep ons as 'n kerk na sy eredienste toe omdat Hy 'n lewende verhouding met ons het.

- Ons behoort aan Christus omdat Hy met sy bloed vir ons sondes versoening by God bewerk het.
- Daarom moet ons hierdie verbintenis van ons kant af ook fisies uitlewe deur onder andere getrou aan die eredienste deel te neem.
- Daar is dikwels by eredienste 'n aantal lidmate sonder werklike gronde afwesig.

- Kan ons regtig daarop aanspraak maak dat ons aan die Here Jesus behoort as daar weer 'n geleentheid is om met Hom gemeenskap te hê, en om veral deur die Drie-Enige God geseën te word, maar ons nie belang stel om daar te wees nie?

Kom ons bring nou maar die ou argument wat gebruik word – Ek gaan net kerk toe wanneer ek so voel – in die reïne.

- Elke mens (ook ek en ons) is so deurtrek van sonde uit onself dat die Satan ons lus om God te dien al lankal doodgesmoor het.
- As ons “lus voel” of ons “behoefte” om kerk toe te gaan wegraak, is dit vir ons die eerste bewys dat ons op die verkeerde pad is.
- Ons gebrek aan “begeerte” en “behoefte” is vir ons baie sekere tekens dat ons sterk deur die duiwel aangeval word omdat hy nie wil hê dat ons aan Jesus moet behoort nie. *Daarom val hy my lus aan om in die gemeenskap met Jesus se kerkvolk te wees.*

Die mense wat werklik aan Christus behoort, vertoon gewoonlik die volgende kenmerke:

- Wanneer hulle beproef word, is hulle meestal moedig.
- Wanneer die duiwel hulle verhouding met God probeer besoedel, sal hulle hard daarteen skop om die duiwel se werking uit hulle lewens uit te sny.

Hulle weet dat hulle name in God se lewensboek staan, en dat die Here iewers in sy raadsplan vir hulle voorsiening maak.

- Daarom verwyf hulle die Here ook nooit wanneer daar dinge met hulle gebeur dat dit nie met hulle goed gaan nie.
- Daarenteen is dit so dat ongelowiges of mense wat nie werklik bekeer is nie, baie opstandig raak teen die Here.

2. Is ons sorgelose mense?

Een van die treffendste verskille tussen die ware en die valse belyers kom gewoonlik uit in hulle optrede nadat hulle sonde gedoen het.

- Die ware gelowige ervaar werklik diep berou.
- Hy probeer werklik om tot bekering te kom ten opsigte van die dinge waar hy besef dat hy foute maak en verkeerd doen.
- Hy verstaan dat sy verlossing met die bloed van Christus betaal is, en die besef daarvan laat hom letterlik wegvlug van dinge af wat hom besoedel.

Daar is dus 'n treffende verskil in die manier waarop gelowiges en ongelowiges die konsekwensies van verlos wees ervaar.

- *Die gelowige ervaar dit baie nugter,*
- *en breek ook beredeneerd van sonde af weg.*

Paulus waarsku in hierdie gedeelte van die brief teen die wysheid van die wêreldling. Dit beteken nie dat die mens wat aan Christus behoort nie wysheid of kennis moet hê nie.

- Die verskil is dat die wêreldmens sy verlossing soek in sy kennis, terwyl die ware gelowige dit soek in Christus.
- Die Christen stoot ook nie ander mense met sy kennis rond nie; hy gebruik dit tot hulle voordeel en hulle verlossing.

Die kwessie van verlossing is ook 'n baie belangrike punt, want ons almal moet doodgaan. Wat dan?

- As ons aan die Here Jesus Christus behoort, sal ons sonder huiwering beseef dat Jesus Christus vir ons voorsiening gemaak het.
- Die Here Jesus se krag is onbeperk. Daar kom 'n dag wanneer Hy gaan terugkom na die aarde toe.
 - Openbaring (14:14 e.v.) sê dat Hy dan sy oes kom insamel.
 - Elkeen wat aan Hom behoort, word soos 'n koringgerf deur sy hand versigtig in sy skuur weggebêre.
 - Die wat aan Hom behoort by sy koms, gaan in daardie oomblik die volmaakte teerheid van sy liefde ervaar.

Die wederkoms is vir ongelowiges nie 'n maklike oomblik nie. Die Here beëindig op daardie oomblik alle tyd.

- Dis 'n krisisoomblik en 'n oomblik van geweld en verskrikking vir ongelowige mense.
- Na daardie oomblik bestaan alle geredde mense verder in die hemel en die ongereddes in die hel.
- Wat gaan daardie oomblik van my en van jou word?
 - Die wat oneerlik was in hulle belydenis en bekering gaan in die helse gekners van die ewige doderyk in.
 - Die wat aan Christus behoort, gaan by Hom woon waar Hy in die koninkryk van sy Vader vir ons plek gemaak het.

Hierdie leer van "behoort aan Christus" maak nie sorgelose mense nie. Dis net valse gelowiges wat sorgeloos raak en hulleself aan verkeerde dinge oorgee.

- Die gelowige wat die Here Jesus – aan wie hy behoort – opreg ken, leef glad nie roekeloos nie.
- Hy rig sy lewe op nougesetheid; hy streef na die hoogste mate van pligsgetrouheid wat binne sy bereik is.
- Hy verkwis nie geleenthede wat die Here hom bied om reg te leef en tot eer van God teen die sonde te staan nie.

Veral in hierdie tyd waarin ons lewe, is dit belangrik dat ons die troos sal belewe dat ons aan die Here Jesus Christus behoort. Daar kan enigiets gebeur, maar dit sal ons nie skade aandoen nie, want die Here Jesus beskerm ons.

- Om aan Jesus te behoort, beteken nie dat ons nie liggaamlike pyn of marteling sal oorkom nie.
- Dit bly moontlik dat dit sal gebeur, maar op daardie oomblik sal Christus ons die krag gee om dit te kan verduur.

Onthou dat die Here Jesus eenkeer gesê het dat daar geen haar van ons hoof val sonder die wil van sy Vader nie. Op 'n ander keer het Hy gesê dat daar nie eers 'n mossie op die aarde val sonder die beskikking van die Vader nie.

- 'n Deel van daardie beskikking is dat ons aan die Here Jesus Christus behoort, en dat God se raadsplan so ingerig is dat niks ons kan oorkom wat ons kragte kan oorskry nie.

Ons behoort met liggaam en siel aan ons Saligmaker Jesus Christus.

- Ons behoort ook in lewe en dood aan Hom. Ons hoef die oordeel van God nie te vrees nie, want Christus het vir al ons sondes ten volle betaal.
- Hy het ons heeltemal van die mag van die duiwel verlos. Hy bewaar ons sodat niks ons kan oorkom sonder die wil van God ons hemelse Vader nie.
- Daarom het Hy ook sy Heilige Gees na ons toe gestuur om ons van harte bereid en gewillig te maak om vir Hom te lewe.

Gehoorsaam die Here en streef daarna om nie verkeerde dinge te doen nie, want julle behoort aan Christus.

Kom ons lees Kategismus Sondag 1 saam.

Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a) nie aan myself (b) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort (c). Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (d) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos (e). Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien (h). Daarom verseker (i) Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (k).

(a) Rom 14:8. (b) 1 Kor 6:19. (c) 1 Kor 3:22; Tit 2:14. (d) 1 Pet 1:18, 19; 1 Joh 1:7; 2:2, 12. (e) Heb 2:14; 1 Joh 3:8; Joh 8:34-36. (f) Joh 6:39; 10:28; 2 Tess 3:3; 1 Pet 1:5. (g) Matt 10:30; Luk 21:18. (h) Rom 8:28. (i) 2 Kor 1:22; 5:5; Ef 1:14; Rom 8:16. (k) Rom 8:14; 1 Joh 3:3.

Vraag 2: Hoeveel dinge moet ons weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?

Antwoord: Drie dinge (a): Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is (b); ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (c) en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (d).

(a) Matt 11:28-30; Ef 5:8. (b) Joh 9:41; Matt 9:12; Rom 3:10; 1 Joh 1:9; 10. (c) Joh 17:3; Hand 4:12 10:43. (d) Ef 5:10; Ps 50:14; Matt 5:16; 1 Pet 2:12; Rom 6:13; 2 Tim 2:15.

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 84:3 (p. 425)

- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 27 Junie 2004
Gereformeerde Kerk Clanwilliam: 6 April 2014